KERKHERENIGING KONSULTASIE TERUGVOER – NG KERK ALBANIE

Selgroepe in die gemeente (kerkraad en gemeente het ook die inligting ontvang en 'n ope uitnodiging om insette te lewer) het die dokumente bestudeer en reageer as volg:

1. KONFESSIONELE BASIS

Indien Belhar Bybels gefundeer is, moet ons dit aanvaar. Die Bybel, nie Belhar, is die basis van kerkeenheid. Ons het reeds ver gevorder op pad van versoening, maar voel tog Belhar het sommige konnotasies wat die Bybel nie het nie.

2. MODEL

Voorlopig is dit (eenheidstrukture op kerkverband vlak) 'n praktiese plan en benadering. Dwang sal nie werk nie, eenheid moet uit liefde groei. Vraag is of sodanige eenheid nie baie kosmeties wees nie. Taal en kultuur moenie bereig word nie – hieroor moet nog gepraat word.

3. GESAMENTLIKE PROJEKTE

Projekte moet volgens behoefte aangepak word, weereens sal dwang nie werk nie.
Waar sal Trustfonds vandaan kom?
Probeer uitruil van liedere. Taal moet ook hier omsigtig hanteer word.
Punt 7 lyk problematies. Hoe kan 10 nuwe model loodsgemeentes vinnig gevestig word? Sou beter wees om enkele behoorlike pogings aan te wend waar omstandighede bevorderlik is vir spontane vereniging. Daar is bv klein plattelandse gemeentes waar 'n sterk NG Kerk is met leraar en goeie administrasie, sowel as VGK gemeente sonder leraar of kerkkantoor. Dikwels het die VGK gemeente sterk ontwikkelde ouderlingsbedieninge en geestelike leierskaptradisies (in afwesigheid van leraar), wat verrykend kan wees vir die NG gemeente. Maw , beide gemeentes baat by samewerking: deur die sterk infrastruktuur van die NG gemeente en die groter lidmaatselfstandigheid en -leierskap van die VGK gemeente.

4. VERSOENING

Gebedsbegeleiding en omsigtigheid is baie belangrik op pad van versoening. Eiendom, grondkwessies en taal is eweneens belangrik en sensitief.